Wees Uself

Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
Webtuiste: laerskooljanvanriebeeck.co.za

Tel: 021 423 4209
E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

**TOELATINGSBELEID**

1. **INLEIDING**

1.1 Laerskool Jan van Riebeeck ("die Skool") streef daarna om alle Suid-Afrikaners wat Afrikaanssprekend is, of Afrikaans omarm, tuis te laat voel.

1.2 Die Skool is waardegedrewe en poog om leerders deur kwaliteitonderrig in 'n georganiseerde milieu te lei op hul ontwikkelingspad tot afgeronde, verantwoordelike en selfstandige individue.

1.3 Die Skool se grondslag is versoenbaar met waardes en norme soos wedersydse respek en verdraagsaamheid. Die uitsluiting van enige geloof, waardes of denkwyse in die skoolkonteks, is onaanvaarbaar.

1.4 Die Skool neem die breër Suid-Afrikaanse konteks in ag en verwelkom leerders van diverse gemeenskappe en agtergronde. Enige leerder wat aan die beleid voldoen, is welkom, ongeag ras, geslag, taal of geloof.

1.5 Die Skool se onderrigtaal is Afrikaans. Leerders wat nie Afrikaanssprekend is nie, maar bereid is om in Afrikaans onderrig te word en van voorneme is om so spoedig moontlik Afrikaans onder die knie te kry, is welkom. Engels word as 'n Eerste Addisionele Taal aangebied en vanaf Graad 5 mag leerders kies om Engels as 'n Huistaal te neem.

2. **WETGEWING**

Die Toelatingsbeleid van die Skool is in lyn met die volgende wetgewing:

2.1 Die Skolewet Nr. 84 van 1996;

2.2 Die Grondwet van Suid-Afrika Nr. 108 van 1996;

2.3 Die Provinsiale Wetgewing, Omsendskrywes en riglyne soos uitgereik van tyd tot tyd.

## 3. SKOOLFONDS

Die Skool is ‘n skoolfondsbetalende skool en voornemende ouers moet skriftelik onderneem om die skoolfonds te betaal. Daar waar ouers nie oor die vermoë beskik om skoolfonds te betaal nie, word voorsiening gemaak vir vrystelling of toegewings onder sekere kriteria. Sien die skool se Finansiële Beleid.

## 4. PLASINGS

Soos per wetgewing, kry leerders naaste aan die skool voorkeur vir plasings in die Skool. Gesinne wat later verhuis, se jongste kinders bly welkom. Personeel van die Skool se kinders word beskou as binne die area te woon. Ouers en leerders ontmoet met die skoolhoof of ‘n ander afgevaardigde personeellid, voordat toelating bevestig kan word.

Die riglyne met betrekking tot die relevante wetgewing word in die verband toegepas, ook waar dit betrekking het op die plasing van onwettige burgers binne die Republiek van Suid-Afrika.

## 5. ALGEMEEN

5.1 Klasgroottes word bepaal deur die Beheerraad en kan 'n invloed op die hoeveelheid beskikbare plekke vir nuwe leerders hê.

5.2 Leerders moet die vorige graad slaag (bv. Graad 4) om in die volgende graad toegelaat te kan word (bv. Graad 5).

5.3 Leerders mag nie meer as 2 jaar ouer as die mediaan (graad) wees nie.

5.4 Elke aansoek word oorweeg.

5.5 Verbreking en nie-nakoming van skoolreëls sal kragtens onder die dissiplinêre klousules van Wet 84 van 1996 (Skolewet) hanteer word.

5.6 Alle leerders moet die korrekte skooldrag dra.

## 6. PROSEDURE

Die Skool se Toelatingsprosedure is beskikbaar op die Skool se webblad by [laerskooljanvanriebeeck.co.za/toelating](laerskooljanvanriebeeck.co.za/toelating)